# 'Strukture van oorlewing' veg lustig voort

**Daar is tekens dat Afrikaners keelvol is om voorgesê te word deur elitistiese dinkskrums soos die Broederbond en die Ruiterwag. Maar het hierdie Afrikaner-organisasies nog aparte bestaansreg noudat hulle 'n beslissing ten gunste van 'n nie-rassige demokrasie gemaak het? KOBUS VAN LOGGERENBERG argumenteer daarteen in hierdie artikel.**

*Om hom te beskerm teen die angs van die menslike bestaan, die angs van die nie-wees, vir die bedreiging van buite, vir die dood, skep die mens vir hom 'n idee. Die idee word die hoogste norm waaraan hy sy dade meet, waarvolgens hy sy ideale skep. Dit word ook die raamwerk waarbinne die mens homself veilig waan, maar wat hom van sy vryheid en essensiële menslikheid ontneem. Gekerker binne die raamwerk en die skynheiligheid van 'n ideologie of stelsel, word die mens onbewus van die ironie van die lewe: dat juis die dinge waaraan hy krampagtig vaskleef hom ontneem word...dat hy wat eerste is, laaste sal wees.*

*– W A DE KLERK*

Vir die sogenaamde hervormingsgesinde Afrikaners was dit waarskynlik 'n belangrike deurbraak om amptelik van apartheid afskeid te neem – of eerder om waar te neem (en dit gelate te aanvaar) dat die Nasionale Party leiers dit namens hulle gedoen het. Of die afskeid eg en deurleef is, is 'n ander vraag.

Die krampagtigheid waarmee daar nog steeds aan strukture soos die Broederbond en Ruiterwag vasgeklou word (ook deur dié verligte partyleiding), laat 'n mens wonder in watter mate die veranderings wat plaasgevind het uit oortuiging was of bloot die resultaat van pragmatiese oorwegings.

Hoe is dit moontlik dat mense wat op die oog af so 'n radikale politieke ommekeer geïnsieer het hulleself nog steeds kan tuisvoel binne dieselfde organisasies wat nie alleen die beskermers van die apartheidsideologie was nie, maar inderdaad ook deur hierdie ideologie gebaar is?

Die belangrikste en die mees omstrede kinders van die apartheidsideologie is waarskynlik die Afrikaner Broederbond en sy jeugvleuel, die Ruiterwag. As dinkstrum vir die Afrikanervolk moes hierdie organisasies die beginsels en die strategieë uitwerk vir die handhawing van die vryheid, selfstandigheid en eie identiteit van die Afrikaner. Deur middel van hul wye invloedsfeer (openbare frontorganisasies soos die FAK, Rapportryersbewegings en individue in prominente posisies) is baie gedoen om die Afrikaner se posisie in die openbare en ekonomiese wêreld te verstewig. By die volk is die indruk geskep dat die leiers inderdaad in beheer is en dus vertrou kan word met hulle toekoms.

In die proses het daar egter 'n paar dinge gebeur. In die eerste plek is die debat binne die Afrikaanse geledere beperk tot 'n klein uitgesoekte groepie. Die res wat (om welke rede ookal) nie gekwalifiseer het nie, moes van hieraf bloot voorgesê word – die gevolg was dat baie Afrikaners in hulle denke onmondig gebly het.

En omdat die standpunte en debat tussen die Broeders/Ruiters nooit in die openbaar getoets is nie, het hulle onaantasbaar sterk geword in die oortuiging van die korrektheid van hulle denke en hulle vermoë om dit te laat geld. Binne die outokratiese kultuurmilieu van die Afrikaner het die "gewone volk" dit ook gelate aanvaar dat die "volksleiers" vir hulle dink en optree. Ook die Ruiterwag het hom in dié opsig die leiding van die Broederbond dienswillig laat welgeval.

**'Die Broederbond en Ruiterwag het bygedra tot 'n houding onder baie Afrikaners dat daar iewers mense is wat van beter weet en die regte besluite sal neem'**

Die ironie is dat waar hierdie organisasies hulle juis ook vir die bevordering van die Afrikaanse kultuur moes beywer, alle bewegings binne die Afrikaanse kultuur (op literêre terrein, uitvoerende kunste en musiek) juis buite hierdie organisasies (en dikwels in protes daarteen) plaasgevind het. Johannes Kerkorrel en sy trawante is sprekende voorbeelde hiervan.

Die feit dat daar geleidelik 'n al hoe groter gaping tussen die NP-leierskap en hulle volgelinge onstaan het, kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die paternalistiese en outokratiese besluitnemingsprosesse binne die Afrikaanse kultuur en politieke laer. Die Broederbond en die Ruiterwag het veral bygedra tot 'n houding onder baie Afrikaners dat daar iewers mense is wat van beter weet en dat hulle die regte besluite sal neem. Hulle het hulself die reg aangemagtig om as 'n betreklike klein groepie vir 'n lang tyd die politieke denke van die Afrikaner te manipuleer.

Vir die eerste keer in 'n lang tyd wil dit egter nou lyk of baie Afrikaners vertroue veloor het in die Broeders en, ironies genoeg, lyk dit of baie van die weerstand teen die regering in 'n groot mate eerder protes is teen die Broederbond en dit wat ervaar word as eensydige besluitneming. Verskeie uitsprake (en optredes) verlede jaar deur veral boere bevestig die groot mate van suspisie wat daar jeens die Broeders bestaan.

Die probleem is nie soseer dat die Broeders en Ruiters verkeerde of swak besluite geneem het nie. Die meerderheid mense in Suid-Afrika is dankbaar oor die veranderings wat plaasgevind het – veranderings wat in 'n groot mate hulle oorsprong in die Broederbond en Ruiterwag gehad het. Verskeie beleidsdokumente van die Broederbond en Ruiterwag wat in die verlede onder die aandag van die pers gekom het, beklemtoon die noue verband tussen Broeder en regeringsdenke. Die probleem lê eerder in die proses van besluitneming wat basies eksklusief is.

Hervorming is basies op die Afrikaner afgeforseer deur leiers wat besluit het dit is nou in die politieke belang van die volk (ter wille van oorlewing) dat dit moet gebeur sonder dat die volk deel gehad het aan die ontwikkeling van 'n morele basis vir die "nuwe" Suid Afrika. Die voorsitter van die Broederbond, prof Pieter de Lange, stel dit

baie blatant in 'n onderhoud met *Sarie* (12 Junie 1991): "Daar is in 1985 besluit om die beloofde land – die 'Nuwe Suid Afrika' – te betreë." Die Ruiterwag sê in 'n ope brief in *Rapport* van 25 Augustus 1991 dat die "Afrikaner se leefruimte slegs deur vrede verseker kan word".

**'Of daar ooit in die eie geledere genoegsaam oor die morele basis vir hervorming besin is, is egter te betwyfel'**

Of daar ooit in die eie geledere genoegsaam oor die morele basis vir hervorming besin is, is egter te betwyfel. Die volk is in elk geval nooit hierby betrek nie en dit as sodanig is waarskynlik die grootste obstruksie vir entoesiastiese Afrikaner deelname aan die onderhandelingsproses. Gharajedaghi, in sy boek *Prologue to National Development Planning*, stel dit as volg:

"Sometimes, in the rush to effect reform, laws are passed before moral conversion has taken place, as has often been the case in the struggle for human rights...Laws that do not have widespread moral support are at best slow to take effect and at worst are ignored or perverted. Only a morality-based human rights movement can support political action that, if successful, culminates in legal reform."

Waarop kom dit alles neer? Die regering, Broederbond en Ruiterwag het (inderdaad) afskeid geneem van apartheid. Vir die Afrikaner laat dit net een van twee keuses: of hy hou vas aan sy tradisionele groepsbenadering (noem dit apartheid/partisie/volkstaat/eie groepsgebiede), of hy word deel van en beywer hom vir 'n nie-rassige demokrasie. Die Ruiterwag het hom verlede jaar in die openbaar, in 'n ope brief aan Dr Treurnicht, tot 'n nie-rassige demokrasie verbind. Is dit dan nie logies om te verwag dat diegene wat vir 'n nie-rassige demokrasie kies ook finaal van apartheid en die organisasies/strukture/denkwyse wat apartheid gedien het, afskeid behoort te neem nie?

Kortom, 'n nuwe benadering beteken nuwe spelreëls. Eksklusiwiteit, geheimhouding en intellektuele inteling moet plek maak vir openheid, nuwe alliansies, vir 'n inklusiewe benadering; waar die oplossing nie vooraf uitgewerk en dan afgedwing word nie, maar juis in die hitte van die oopgesprek saam ontdek word.

Dit beteken nie dat die Afrikaner hoef op te hou om te wees wat hy is nie, maar dat hy homself nuut sal definieer en organiseer as Afrikaner oppad na 'n demokratiese, nie-rassige toekoms. Die enigste eerbare en effektiewe rol vir die Broederbond en die Ruiterwag in die nuwe Suid Afrika is om, noudat hulle 'n beslissing ten gunste van 'n nie-rassige demokrasie gemaak, die volgende logiese stap te doen: om hulleself in die openbaar te ontbind en ooreenkomstig die nuwe spelreëls te begin organiseer as Afrikaners vir 'n demokratiese toekoms.

Willem de Klerk het reeds in dié rigting begin praat in sy gereelde rubriek in *De Kat* waar hy voorstel dat die Broederbond in die openbaar ontbind en 'n nuwe openbare Afrikaner-belangegroep in die lewe roep om gemeenskaplike nie-politieke belange te bevorder.

Die joernalis Hans Strydom wat die bedrywighede van die Broederbond in die sewen tigerjare openbaar gemaak het, het verlede jaar ook daarop gewys dat die organisasie 'n anachronisme geword het: "De Klerk sal van die Broederbond ontslae moet raak. Hoe kan 'n nuwe grondwet opgestel word deur lede van 'n organisasie wat op alle vlakke diskriminerend is? Hulle is nie net diskriminerend ten opsigte van kleur nie, maar ook ten opsigte van taal, van geloof en afkoms. Daar is nie meer plek vir so 'n geheime organisasie nie."

**'Om van Afrika te wees, beteken om jou lotsverbondenheid met al Afrika se mense konkreet te maak'**

Lourens du Plessis, regsgeleerde van Stellenbosch, het by geleentheid ook die omvang van die verandering wat nodig is, uitgespel: "Om van Afrika te wees beteken nie bloot om 'Afrika' as 'n begrip en/of plek te aanvaar en lief te hê nie. Dit beteken eerder om jou lotsverbondenheid met al Afrika se mense 'konkreet te maak' en te bewys deur, afgesien van die offers wat dit mag verg, met oorgawe van die toekoms gemene saak met hulle te maak. En dit is iets waaraan die witmense in hierdie land nog behoorlik gewoond sal moet raak."

**Kobus van Loggerenberg, 'n voormalige Ruiter, is Idasa se streekkoördineerder in die Vrystaat.**

*(Die Broederbond en die Ruiterwag het nie gereageer op versoeke om kommentaar te lewer op die artikel nie.)*

# Open schools: problems and possibilities

**The opening of South African schools is an important move in the dismantling of apartheid. NAZIR CARRIM explores some of the issues in this process.**

Although there are varying degrees to which state schools in South Africa are actually open to all, the process of deracialising education has begun. In this sense, the opening of these schools has created useful spaces, which if explored, can yield important lessons for a future post-apartheid education system.

In October 1990, the then Minister of Education and Culture in the House of Assembly, Mr Piet Clase, announced that it would be legally possible for white state schools to enrol black pupils. Mr Clase offerd white state schools three models to chose from:

- Model A which allowed the school to close down as a state school and reopen as a private school.
- Model B which allowed the school to remain a state aided school but allowed to enrol black pupils.
- Model C which allowed the school to be semi-private and semi-state aided.

All of these models were subject to the same conditions which included that: the cultural ethos of the school remained intact; 51 percent of the school population remained white; the management councils of schools were responsible for the admission criteria of the school; and, the state bore no responsibility for any costs or changes incurred because of black enrolment.

At the end of 1991 a fourth model, Model D, was announced. This was similar to Model B, but placed no restriction on the number of black pupils that could be admitted.

Although these options may be seen as part of the De Klerk government's reform initiatives, they must also be seen in the light of declining white enrolment rates and the